# 383. ONS KOM VIER U MAALTYD, VADER

**D A7 D/F# G D**
1. Ons kom vier U maaltyd, Vader,
**G D G D Bm Em A**
U sal ons oorvloe - dig voed.
**F# Bm F# Bm B7 Esus4 E**
U versorg ons soos ‘n her - der,
**F#m A D E A**
U sal ons steeds trou behoed.
**D G A Bm A7**
Ons sal, Yahweh, tot U nader;
**Bm A G D A7 D**
U gee ons weer nuwe moed.

**D A7 D/F# G D**
2. Lam van God, berei ter slagting,
**G D G D Bm Em A**
voor U skeerders was U stom.
**F# Bm F# Bm B7 Esus4 E**
Deur U of - fer bring U red - ding,
**F#m A D E A**
U het tot ons heil gekom.
**D G A Bm A7**
By U, Yahweh, is vergewing;
**Bm A G D A7 D**
lofsang vul U heiligdom.

**D A7 D/F# G D**
3. U klee ons met bruilofsklere
**G D G D Bm Em A**
vir die feesmaal van die Lam.
**F# Bm F# Bm B7 Esus4 E**
Tot U, al - ler - hoogste Yah - weh,
**F#m A D E A**
rys gebede soos ‘n vlam.
**D G A Bm A7**
Ons sing, Yahweh, duisend kere:
**Bm A G D A7 D**
Prys die Leeu uit Juda’s stam!

**D A7 D/F# G D**
4. Met ons harte vol verwagting
**G D G D Bm Em A**
sal ons, Yahweh, U ont - moet.
**F# Bm F# Bm B7 Esus4 E**
Met ons lied sal ons U lof - sing;
**F#m A D E A**
ons sal met musiek U groet.
**D G A Bm A7**
U kom maak by ons U woning,
**Bm A G D A7 D**
Or - al straal ons vreugdegloed.